# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

14 April 2023 Uitgawe: 1/2/2023

## UIT DIE KANTOOR

Welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en hul ouers na die vakansie. Mag die nuwe kwartaal vir almal sonder enige teenspoed verloop.

Die winter kruip al nader en volgens kundiges gaan dit 'n lekker koue winter wees wat voorlê. Kry dus solank u kinders se wintersklere gereed.

Net die volgende belangrike sake om van kennis te neem:


- **Eposse:** Ons ondervind tans probleme met die skool se bediener / "server" wat ook veroorsaak dat ons tans geen eposse kan ontvang nie. Die tegnikuste werk aan die probleem en ons sal u laat weet wanneer alles weer normaal kan funksioneer. Indien u dringend die skool moet kontak, is u welkom om die kantoor te skakel by 051 522 1371 of u kan die dokument per hand by die kantoor kom inhandig. Na-ure kan dit by sekuriteit afgegee word. Ons vra om verskoning vir die ongerief.
- **Rapporte en oueraand:** Juis as gevolg van bogenoemde probleem, sal die kwartaalverslae van die leerders voorlopig Maandag of Dinsdag gereed wees. Dit beteken dat die geskeduleerde oueraand vir Gr.1-7 wat op 18 April sou plaasvind, sal moet verskuif na Dinsdag, 25 April. Sodra u die verslae ontvang het en u het 'n behoefte om met u kind se onderwysers te gesels oor u kind se akademiese vordering, kontak gerus ons kantoor om 'n afspraak te maak vir 25 April. Tye beskikbaar: 16:00–19:00.
- **Buitemuurse rooster**: Is reeds via d6 aan u versprei. Kontroleer asb. met u kind dat hul betyds by die oefeninge uitkom.
- **Sportdae:** Op Saterdag, 15 April vind heelwat sportdae regoor die stad plaas waar baie van ons leerders by betrokke is. Tjokkies bied self die o/7 rugby- en netbaldag aan. Baie sterkte aan elke speler wat deelneem. Baie dankie aan veral ons Gr.1-ouerkomitee en helpers wat bereid is om te kom help om van hierdie *"Tjokkiedag"* 'n sukses te maak. Ons kon laas in 2019 hierdie dag aanbied. Let asb. daarop dat daar môre 'n toegangsfooi van R10 by alle skole wat sportdae aanbied, gehef gaan word vir volwassenes en hoërskoolkinders.

- **Wesgrowreeks vs Jordania**: Volgens die bepalings speel Tjokkies op Maandag, 24 April teen Primêre Skool Jordania in Bethlehem. Hierdie wedstryde begin reeds om 12:30 aangesien bykans al die rugby- en netbalspanne op hierdie dag betrokke gaan wees. Dit beteken dat die busse reeds om 9:00 sal moet vertrek. Uit die aard van die saak is daar heelwat personeel wat saamgaan en dus is ek genoodsaak om die skool vroeër as normaal te laat verdaag. **Die skool sal dus op Maandag, 24 April reeds om 11:00 verdaag** vir die kinders wat nie saam na Jordania toe gaan nie. Daar sal egter toesig wees tot 13:30 vir die van u wat hul kinders eers later sal kan kom haal. Die personeel wat nie na Bethlehem reis nie, sal toesig hou. Nasorgstudie sal egter normaal voortgaan. Meer inligting sal volg.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 14 April: | GSF Redenaarsopleiding vir ouers |
| 15 April: | Rugby-/Netbaldae |
| | Tjokkie Gr.1-dag |
| 17 April: | Rugbyliga vs Grey (slegs B- & C-spanne) |
| 18 April: | Kleuterskool oueraand |
| | Voortrekkers – |
| | Kommandobestuursvergadering |
| | Skaakliga |
| 20 April: | H/S Sentraal Opedag (Gr. 7's) |
| | Rugby-/Netballiga vs Onze Rust (tuis) |
| 22 April: | Tjokkies Damesoggend |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 16 April: | Juf. Mariandel Nortje (Gr. 2) |
| 17 April: | Me. Sanet Horn (KS) |
| 19 April: | Mnr. Simon Nieuwoudt (Gr. 6) |

## LIGABEPALINGS

**Netbal:**

| | |
|---|---|
| Donderdag, 20 April: | Tjokkies vs Onze Rust |
| Woensdag, 3 Mei: | Tjokkies vs PBS |
| Maandag, 8 Mei: | Fichardtpark vs Tjokkies |
| Donderdag, 11 Mei: | Tjokkies vs JF |
| Donderdag, 18 Mei: | Oranje vs Tjokkies |
| Woensdag, 24 Mei: | Tjokkies vs Willem Postma |
| Donderdag, 1 Junie: | Bloemfontein Laer vs Tjokkies |
| Maandag, 5 Junie: | Brandwag vs Tjokkies |



(Tuisspanne word eerste genoem)


**Rugby:** Sien aangeheg

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR




Daar is nog kaartjies beskikbaar – kontak vir **Suzane** Wille by **051 522 1371** voor Woensdag 19 April. Indien u tydens die laaste 3 weke 'n e-pos in hierdie verband gestuur het, neem asb. kennis dat ons dit waarskynlik nie ontvang het nie weens die fout met die "server". Volg asb. met Suzane op.

# UITSLAE



**SWEM**

Luan Potgieter neem deel aan die SA Sport for Physically Disabled in Kaapstad. Hy behaal die volgende plekke:

Silwer - 50m Borsslag

Silwer - 100m Borsslag

Goud - 200m Borsslag

Meandri de Vos neem deel aan die SAJN Swemkampioenskappe in Durban en behaal puik prestasies. Die kwalifiserende tye is baie streng en slegs die top swemmers in SA neem hier deel. Sy behaal die volgende plekke:

9de 50m Borsslag

8ste 100m Borsslag

8ste 200m Borsslag

Baie geluk aan Mark du Plessis wat in die Vrystaat Swemspan ingesluit is. Dale du Plessis, Corné Liversage, Meandri de Vos en Luan Potgieter neem volgende naweek deel aan die SA Swemkampioenskappe in Durban.

**ATLETIEK**

Agt atlete het tydens 19 – 21 Maart aan die Nasionale Atletiekkampioenskappe te Pietermaritzburg deelgeneem. Die volgende atlete het puik presteer en Tjokkies is vreeslik trots op elkeen!

Huibré Goosen

Caylee Strydom

Dané Neethling

Mikayla de Jonge

Mia Boshoff

Kaylah Meyer

Ethan Louw

John-Robert O'Reilly

Spesiale gelukwensing aan John-Robert O'Reilly wat 'n vierde plek in spiesgooi behaal het!



# SNUFFELS

**Tunika**

'n Tjokkie-mamma en haar seun en dogter het die dag toe die skool gesluit het (24 Maart) aankope by Tunika gedoen ter waarde van +/- R900. Die seun het onder andere 'n baadjie gekoop en die dogter 'n Tjokkertjie-sleutelhouer. Die mamma het met 'n Capitec-bankkaart betaal. Die betaling is ongelukkig nie deur nie en Tunika vra of daardie ouer hulle asb. sal kontak.





**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE